

UITSETKIS

deur RENÉ BARNARD
foto's ROBERT GORNEMAN
bykomstighede PRESLES en STUTTAFORDS
kas beskikbaar by NATAL 1900



UIT DIE PARADYS - VIR ADAM EN EVA

Links van bo na onder: Vir hom, PRESLES se meng en pas pollkatoenbeddegoed verkrygbaar in vier verskillende kleure. Dit word Romeo genoem. Die blou kussingsloop in die middel van die laken oor die deur is PRESLES se Kelly/Adrian-pollamledbeddegoed wat ook ontwerp is om te meng en pas. PRESLES-handdoeke met galon versier, is net wat nodig is om manlief te droog.

Regs van bo na onder: 'n Spierwit broderle anglais-bedsprei, wit lakens met pienk geborduurde motiewe en bypassende beddegoed is verkrygbaar van STUTTAFORDS. Die bypassende pienk handdoeke met galon van PRESLES, is ook van sulwer katoen.

BLAAI OM

HOE jammer is dit tog nie dat so baie ou gebruike aangaande 'n meisie se troue verlore gegaan het. Watter ma of ouma gee nog 'n stel gehekelde kussingslope aan 'n dogter of 'n kleindogter op haar agtiende verjaardag? Hoeveel van ons bêre nog gehekelde doilies of 'n ander nuttige handwerkdingetjie vir wanneer ons getroud is?

Sulke handwerk kan nie in 'n winkel gekoop word nie. Gekoopte linneware beteken ook nie naastenby soveel soos ma of ouma se handwerk nie.

Maak nou 'n uitsondering van jou dogter se bruidsuitset en begin dadelik hekel en brei aan die kussingslope en gastehanddoeke waarvan die patrone hier volg.

KUSSINGOORTREKSEL

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150g Coats-hekelgaring Nr. 30; hekelpen van

NA BLADSY 84



BY WASKOM EN LAMPETBEKER

Gastehanddoeke te kus en te keur. Die handdoek heel bo aan die kapstok en dié op die tafel is op 'n Singer-brelmasjien gebrei (raadpleeg patroon nr. 1). Die handdoeke wat uit die laale hang, is 'n variasie van patroon nr. 1. Gebruik enige kantpatroon wat jy verkies daarvoor. Die ander handdoeke wat aan die kapstok hang, is van gewone handdoekstof met 'n gehekelde rand (raadpleeg patroon nr. 3).

VIR HAAR UITSETKIS

VAN BLADSY 64

0,75 mm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; sp(s) - spatie (spasies); herh - herhaal; vlg - volgende; gp(e) - groep (groepe) p - picot = 3 ks, gs in 1e ks; ls(e) - lus (lusse).

Beginrondte: 6 ks, sluit met gs.

1e rondte: 16 lb in ring.

2e rondte: 3 ks vir 1e lb, 1 ks, * (1 lb, 1 ks) 15 keer, sluit met gs.

3e rondte: gs tot in 1e sp, (1 kb in sp, 3 ks) rondom (= 16 sps).

4e rondte: gs tot in 1e sp, (2 lb, 2 ks, 1 lb) in dié sp, (2 ks, 1 kb, 1 ks) in vlg sp; herh rondom.

5e rondte: (2 lb, 2 ks, 2 lb) in 1e 2-ks-sp, 7 ks, *(2 lb, 2 ks, 2 lb) in vlg 2-ks-sp, tussen 7 ks; herh rondom.

6e rondte: *(2 lb, 2 ks, 2 lb in vlg sp (d.w.s. hoek-sp); 4 ks, (1 kb in 4-ks-sp, 4 ks), (1 lb, 1 p in 2-ks-sp) 4 keer, 1 lb in dieselfde 2-ks-sp, 4 ks, 1 kb in 7-ks-sp, 4 ks; herh van * nog 3 keer.

7e rondte: *(2 lb, 2 ks, 2 lb) in hoek-sp, 4 ks, (1 kb in 4-ks-sp, 4 ks) 2 keer, (1 kb in 2e p, 4 ks, 1 kb in vlg p, 4 ks, (1 kb in 4-ks-sp, 4 ks) 2 keer; herh van * rondom.

8e rondte: *(2 lb, 2 ks, 2 lb) in hoek-sp, 4 ks, 1 kb in 4-ks-sp, 4 ks tot vlg hoek-sp; herh rondom.

9e tot 13e rondte: Soos 8e rondte, maar hekel (2 lb, 5 ks, 2 lb) in hoeke van laaste rondte om vorming van 'n 4-blaarmotief moontlik te maak wanneer vierkante aanmekeergehekel word.

Hekel 24 sulke vierkante en werk dit met die hekel van die laaste ry aanmekeer deur in elke 4-ks-ls die middel van die 4-ks-ls van vorige voltooide motief op te neem.

OMRANDING: 1e rondte: Heg garing weer vas op 'n hoek en hekel 4 lb in elke 4-ks-sp, 4 lb in elke 4-ks-sp rondom, maar 3 lb, 2 ks, 3 lb in hoeke.

2e rondte: 1 kb in sp tussen 2 4-lb-gpe, 5 ks; herh rondom, maar 3 lb, 2 ks, 3 lb in elke hoek.

3e — 9e rondte: 5 ks, 1 kb in hoek-sp, 5 ks, 1 kb in vlg 5-ks-sp, 5 ks, herh rondom, maar 3 lb, 2 ks, 3 lb in hoeke.

10e rondte: (1 gs in vlg 5-ks-sp, 2 ks vir 1e lb, 4 lb in dieselfde 5-ks-sp) herh rondom, ook hoeke.

11e rondte: 5 ks, (1 kb in 5e van vlg 5 lb, 5 ks) herh rondom.

12e rondte: [(1 lb, 1 p) in vlg (= hoek) sp], 5 keer, 1 lb in dieselfde sp, *2 ks, 1 kb, 2 ks, in vlg 5-ks-sp, (1 lb, 1 p) 3 keer in vlg 5-ks-sp, 1 lb in dieselfde sp; herh rondom, maar hekel 6

Materiaalluiers sonder
Johnson's-voerings kan lei
tot 'n onbesonne uitslag.



Met Johnson's Weggooi-luiervoerings
hoef jy nie die onaangename uitspoel
van vuil luiers deur te maak nie.

Die unieke eenrigting-kenmerk hou baba

lb met 5 p tussenin in elke hoek.

GASTEHANDDOEKE

Gebrei op 'n Singer KS901-breimasjien

KLEIN EN MIDDELGROOTTE (GEBREI)

BENODIGDHEDE: Pingouin Nr. 8, kaart nr 1005 of ander kantpatroon-variasie soos verkies. Die hoeveelheid garing hang af van die grootte van die handdoek.

AFKORTINGS: Brei: st(e) – steek (steke); ks – koussteek; pos – posisie.

Hekel: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; gs – glipsteek; herh – herhaal; krap-st – krapsteek (=kb van links na regs).

KLEIN HANDDOEK: Stel 103 ste op (soos volg geplaas: 51 “O” 52) met drie-

draadresgaring en brei 20 rye ks; saal links.

Lig al die naalde tot in E-pos en stel 103 ste op oor resgaring deur van regs na links rondom naalde te draai. Voer garing deur garingvoerder en met S-4.1, brei 1 ry.

Steek kaart in gleuf en stel op nommer 6 op kaart, d.w.s., ná die gaatjies, en brei in patroon tot nr. 6 weer bereik is, brei dan 150 rye ks.

Draai kaart deur tot by nr. 54 en brei in pat tot nr 54 weer bereik is. Heg af agter die platienhake. Toring resgaring uit.

GROOT HANDDOEK: Oor 83 “O” 84 naalde, brei rande soos vir klein handdoek met 230 rye ks tussenin.

Om rand stewiger te kry, kan met 2,50-mm-hekelpen 1 ry kb en 1 ry krapsteek gehekel word.

KLEIN EN MIDDELGROOTTE (GEHEKEL)

BENODIGDHEDE: Stuk handdoekstof,

dieselfde breedte as voltooide gehekelde rand; klein hoeveelheid Pingouin Nr. 5, ongeveer 50 g behoort voldoende te wees vir 'n gewone gastehanddoek; hekelpen van 1,75 mm.

MATE: Die voltooide rand is op sy breedste ongeveer 11 cm breed.

SPANNING: 1 ry lb is 0,5 cm lank.

AANWYSINGS: Beginry: 68 ks.

1e ry: 3 ks, 1 lb, 2 ks, (3 lb, 1 ks) 8 keer, 12 lb, (1 ks, 3 lb) 5 keer.

2e ry: Draai, 2 ks, hekel (3 lb, 1 ks) in elke ks, om die lb-pat te laat verspring soos op foto gesien kan word.


3e — 10e ry: Soos 2e ry, vermin aan een kant soos op foto.

12e — 19e ry: Vermeer nou aan dieselfde kant as vermin.

Herh 2e tot 19e ry, wat as 1 pat - herh tel, tot verlangde lengte.

Werk dan aan handdoek vas en pas some aan indien nodig.

NA BLADSY 90




En jy help om luierruitslag te voorkom, want baba bly droog danksy ons spesiale “eenrigting”-

materiaal wat die natheid deurlaat, terwyl dit baba se velletjie droog hou. Johnson's Luiervoerings -

boudjies-na-blik-gerief.

Johnson & Johnson

se boudjies so glad soos 'n baba se boudjies.



Geen Krul

Geen Krimp

Geen Gom

Vista

 **MARLEY**

Kussingvloere- lê plat, bly glad

Aan: Marley-bemarkingsafdeling, Posbus 3154, Johannesburg 2000.

Stuur my asseblief 'n GRATIS brosjure oor Vista-kussingvloere.

Naam: _____

Adres: _____

Kode: _____

VIR HAAR UITSETKIS

VAN BLADSY 85

OUTYDSE KUSSING

DIE patroon van dié outydse kussing is uit halflangbene saamgestel. Vir 'n groter kussing kan langbene gehekel word, of jy kan dikker hekelgaring gebruik. Die kussing is saamgestel uit een groot ronde motief wat eerste gehekel word met die laaste rondte 'n sestigtal picotgroepe met lusse van verskillende lengtes waaraan die kleiner motiewe vasgehekel word na gelang jy vorder. Die klein driehoekmotief kom dan aan die beurt en daarna volg 'n breë rand van enkele- en dubbele V-groepe. 'n Val met tulpmotiewe word laaste gehekel en word afgewerk met 'n rondte picotgroepe. Onthou dat die hedendaagse garing effens anders lyk as vroeër. Moet dus nie tou opgooi indien die werk effens digter of blinker voorkom nie.

BENODIGDHEDE: Ongeveer 100 g Coats-hekelgaring Nr. 30; hekelpen van 0,75 mm.

MATE: Die nagebootste kussing is ongeveer 52 cm in deursnee.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen; p(s) - picot (picots) = 3 kettingsteke en 'n glipsteek in eerste kettingsteek; sp(s) - spasië(spasies); blk(s) - blokkie (blokkies); ls(e) - lus(lusse); gp(e) - groep (groepe); vlg - volgende; gs - glipsteek; herh - herhaal.

MIDDELSTUK: * Begin met 8 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 16 hlb in ring.

2e rondte: * 1 kb, 3 ks, slaan 1 lb oor *, herh van * tot * rondom — 8 herhalings.

3e rondte: 6 kb in elke 3-ks-sp.

4e rondte: (3 hlb-gp in vlg 3 kb, 3 ks, 3 hlb-gp in daaropvlg 3 kb, 3 ks) herh vanaf begin 8 keer — 16 gpe van 3 lb elk.

5e rondte: 1 kb, 4 ks in elke 3-ks-sp.

6e rondte: 4 hlb in elke 5-ks-sp, 2 ks; herh rondom — 16 gpe.

7e rondte: 4 hlb op 4 hlb, 2 hlb in elke 2-ks-sp; herh rondom — 16 keer.

8e rondte: 4 hlb-gp bokant 4 hlb van 6e rondte, 5 ks; herh rondom — 16 gpe.

9e rondte: * (1 hlb, 1 p, 1 hlb, 1 p, 1 hlb, 1 p) in bopunt van vlg gp, 1 ks, 1 kb in 5-ks-sp, 2 ks; herh van * rondom — 16 keer.

10e rondte: (1 kb in 1e p, 5 ks, 1 kb in 3e p van dieselfde gp) 6 keer, (1 kb in 1e p, 5 ks, slaan 2 ps oor, plaas vlg kb in middelste p van daaropvlg 3 ps, 5 ks, slaan weer 2 ps oor, plaas vlg kb in laaste van daaropvlg 3 ps). Daar moet 30 5-ks-sps wees wanneer hierdie rondte voltooi is. Een p moet dus twee keer verspring word soos hierbo uiteengesit.

11e rondte: (2 hlb, 3 ks, 2 hlb) in vlg 5-ks-sp, (1 hlb, 2 ks, 1 hlb) in daaropvlg 5-ks-sp; herh rondom.

12e rondte: Soos vorige rondte, maar met 1 ks tussen elke 2 gpe.

13e rondte: Soos vorige rondte, met 2 ks tussen elke 2 gpe.

14e rondte: 4 hlb in elke 2-ks-sp met 3 ks

Koningskos in smaak en gerief.

Soutvleisgebak

1 x 300 g blik Bull Brand soutvleis in blokkies gesny, ½ klein soetrissie, opgekap, 1 klein ui, opgekap, 25 ml botter of margarien, 37,5 ml meelblom, 2 ml paprika, sout en peper na smaak, knypie marjolein, knypie tiemie, 2 ml mosterdpoëier, 250 ml melk, 1 x 410 g blik geroemde soetmelies, 250 ml gebakte ertappet in blokkies gesny, 125 ml cheddarkaas. Soteer groenrissie en ui in margarien tot dit gaar is. Voeg melk by, helfte van die paprika en al die ander geurmiddels en roer melk geleidelik by. Laat kook en roer heet tot dit dik geword het. Voeg soetmelies, soutvleis en ertappet by en plaas in 'n vlak oondskotel. Strooi kaas bo-oor tesame met die res van die paprika en bak teen 200° vir 20 minute. (4 porsies)

Geurige Bief

1 x 400 g blik Bull Brand biefstuk in sous, 1 ui, fyn skywe gesny, 12,5 ml olie, 12,5 ml meelblom, 125 ml ekstrasak, 125 ml gekookte ontpitte pruimdante, 125 ml gekookte droë appelpose, 25 ml bruinsuiker, 1 ml gemengde kruie, knypie naeltjies, 10 ml asyn, 2 ml sout. Soteer ui in olie tot gaar. Roer melk by. Voeg ekstrasak geleidelik by en roer tot dit dik en glad is. Voeg res van bestanddele by en prut 10 minute. Sit voor op stomende geboterde noedels. (3-4 porsies)

Kerrie in 'n Kits

1 x 400 g blik Bull Brand frikkadelle in ryk vleissous, 1 groot ui, skywe gesny, 12,5 ml olie, 12,5 ml kerriepoëier, 12,5 ml meelblom, 125 ml biefekstrasak, 25 ml tamatiepasta, 25 ml blatjang of appellooskonfyt, 125 ml gewone jogurt. Soteer ui in olie tot gaar. Voeg kerrie by en laat kook vir 1 minuut. Roer melk by. Voeg biefekstrasak geleidelik by en laat kook. Roer tot dit dik geword het. Voeg res van bestanddele by behalwe jogurt en prut vir 10 minute. Voeg jogurt by net voordat bedien word. Sit voor op 'n bord stomende geelrys. (3-4 porsies)

VIR HAAR UITSETKIS

VAN BLADSY 90

tussenin.

15e rondte: 4 hlb op elke 4 hlb, 3 hlb in elke 2-ks-sp.

16e rondte: (4 hlb in 4 hlb, 1 ks, slaan 1 hlb oor, 1 hlb in vlg hlb, 1 ks, slaan 1 hlb oor) herh 30 keer.

17e rondte: * 4-hlb-gp op 4 hlb, 2 ks, (1 hlb, 2 ks, 1 hlb) — dit vorm 'n V-gp — op middelste lb, 2 ks *, herh rondom.

18e rondte: (1 hlb, 2 ks, 1 hlb) 60 keer.

19e rondte: (1 hlb, 2 ks, 1 hlb, 1 ks) 60 keer.

20e rondte: (1 hlb, 2 ks, 1 hlb, 2 ks) 60 keer.

21e rondte: Soos 20e rondte, maar met 3 ks tussen gpe.

22e rondte: * (1 p, 1 hlb, 12 ks, 1 hlb, 1 p) in 1e V-gp, 1 kb in 3-ks-sp tussen V-gpe, (1 p, 1 hlb, 7 ks, 1 hlb, 1 p) in vlg V-gp, 1 kb in 3-ks-sp, (1 p, 1 hlb, 6 ks, 1 hlb, 1 p) in vlg V-gp, 1 kb in 3-ks-sp, (1 p, 1 hlb, 7 ks, 1 hlb, 1 p) in V-gp, 1 kb in sp, (1 p, 1 hlb, 12 ks, 1 hlb, 1 p) in vlg V-gp, 1 kb in sp, (1 p, 1 hlb, 6 ks, 1 p, steek pen in p en hekel 'n 12-ks-ls, 1 kb in p, 1 p op p, hekel 'n tweede 12-ks-ls en verbind met 1 kb, 6 ks om terug te keer na picotrand, 1 hlb, 1 p) in vlg V-gp, 1 kb in 3-ks-sp; herh van * nog 9 keer. Die middelste 12-ks-ls met nog twee 12-ks-lse wat soos haasore uitsteek word 'n driedubbele ls genoem.

Laat hierdie stuk hekelwerk nou eenkant en hekel 10 ronde motiewe soos middelpunt van middelstuk. Dit is identiek met 1e tot en met 8e rondte.

In 9e rondte word die klein motief aan middelstuk vasgehekel.

Hekel 3 gpe van 3 ps (soos in 9e rondte van groot motief, hierna word verwys as picotgroepe — p-gpe —) met kb tussen elke 2-p-gpe.

Aan 1e en middelste p van 4e p-gp hekel 'n lus van 5 ks. Die vlg 2 p-gpe is sonder lse, maar hekel laaste p van 7e p-gp (vanaf begin) vas aan naaste lang lus van driedubbele ls aan middelstuk. Die middelste p van 8e p-gp word verbind met 12-ks-ls van middelstuk. Die vlg 3 p-gpe se middelste ps aan vlg 7-, 6- en 7-ks-lse van middelstuk, die 12e gp se middelste p aan 12-ks-ls en 1e p van 1e p van 13e p-gp aan naaste lang ls van driedubbele

ls aan middelstuk. Die tweede p kry 'n 4-ks-ls. Voltooi gp met 'n p. Die 14e en 15e p-gpe is sonder ekstra lse, maar aan 16e p-gp se middelste p moet weer 'n 6-ks-ls gehekel word.

Die vlg motief word op dieselfde manier gehekel, maar in laaste rondte word dit op dieselfde manier aan middelstuk én aan vorige motief vasgehekel.

Voltooi die daaropvlg 8 motiewe op dieselfde manier en hekel dit vas.

Die driehoekige vulmotiewe kom nou aan die beurt en word ook in laaste (3e) rondte tussen-elke 2 ronde motiewe vasgehekel.

Vulmotief: Begin met 6 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 12 hlb in ring.

2e rondte: (1 kb, 2 ks) 9 keer, 1 kb, 5 ks, slaan 1 hlb oor, 1 kb.

3e rondte: 1 hlb, 1 p, 1 hlb in 1e 2-ks-sp, 3 ks, trek pen uit ls, steek pen in 16e p-gp-ls aan middelstuk en trek 'n verbindings-ls deur, 3 ks, voltooi p-gp; 1 kb in vlg 2-ks-sp op driehoekmotief; 1 hlb, 1 p, 1 hlb, verbindings-p aan 15e gp van ronde motief, voltooi p-gp, 1 kb in vlg 2-ks-sp aan driehoek, 1 p, 1 hlb, 1 verbindings-ls aan verbinding tussen 2 groot ronde motiewe, voltooi p-gp, 1 kb in daaropvlg 2-ks-sp van driehoekmotief, 1 p, 1 hlb, verbind middelste p aan ooreenstemmende p van ronde motief, voltooi p-gp, 1 kb in 2-ks-sp, 1 p, 1 hlb, 1 lang lus om driehoek aan vlg middelste p van p-gp op ronde motief te verbind, voltooi p-gp en knip draad af.


Hekel nog 9 sulke motiewe en verbind hulle op dieselfde wyse aan ronde motief.

Wanneer laaste driehoekmotief ingehekel is, moenie die garing afknip nie, maar hekel verder om breë rand van enkele en dubbele V-gpe te vorm.

Beginrondte: * 5 ks, 1 kb in 5-ks-sp aan basis van driehoekmotief, 5 ks, 1 kb in buitenste p van driehoek, 5 ks, 1 kb in verbinding-st van driehoek en ronde motief, 5 ks, 1 kb in laaste p van dieselfde p-gp, (5 ks, 1 kb in 1e p van vlg p-gp, 5 ks, 1 kb in laaste p van p-gp) 3 keer, 5 ks, 1 p in 1e p van vlg p-gp, 5 ks, 1 kb in verbinding-st van ronde en driehoekmotief 5 ks, 1 kb in laaste p van eerste gp aan basis van driehoek, *, herh van * tot * nog 9 keer. Daar moet 13 gpe van 5-ks-sps in elke herhaling wees.

2e rondte: gs in middel van 5-ks-sp, 1 kb, * 5 ks, 1 kb op vlg kb, (5 ks, 1 kb in 5-ks-sp) 13 keer; herh van * nog 9 keer (daar is nou 14

NA BLADSY 149



So pas die
ronde kussing
inmekaar



VIR HAAR UITSETKIS

VAN BLADSY 123

5-ks-sps in elke herhaling).

3e rondte: gs oor eerste 3 ks van vlg 5-ks-sp, 2 ks (vir 1e hlb), 2 hlb in 5-ks-sp, 1 gs rondom eerste helfte van vlg 5-ks-sp, 2 ks, 2 hlb in vlg 5-ks-sp, 1 gs rondom eerste helfte van vlg 5-ks-sp — dit vorm 'n ry skuinsleënde blokkies wat lyk asof hulle van 4 lb elk gekeel is. Herh rondom.

Hekel nou enkele en dubbele V-gpe rondom soos volg: (2 hlb, 2 ks, 2 hlb) in sykant van vlg blk, d.w.s. oor 2 ks, (1 hlb, 2 ks, 1 hlb) in sykant van daaropvlg blk — sorg dat 'n (2

hlb, 2 ks, 2 hlb)-gp bokant middel van elke vuldriehoek val — daar is 14 gpe bokant elke herhaling op middelstuk.

Hekel 8 rye V-gpe altesaam; begin dan met loshangende val.

VAL: Hekel * 1 kb in elke 2-ks-sp van gpe, 5 ks * rondom — daar is nog altyd 10 x 14 sps.

Hekel nou 'n rondte blks soos uiteengesit vir 3e rondte van breë rand.

Vlg rondte: 1 kb in punt van blk, 6 ks; herh rondom. Daar moet nou 144 sps wees.

Vlg rondte: In hierdie rondte begin plasing van buitenste randmotiewe. * 2 ks, (1 hlb, 2 ks) 4 keer in vlg 6-ks-sp; (1 kb, in vlg sp, 6 ks) 6 keer, dan weer 1 kb, 2 ks; herh van * nog 17 keer — daar is dus 18 motiewe in buitenste rand.

4e rondte: 2 ks, * (1 hlb op hlb, 3 hlb in sp, 1 hlb op hlb, 2 hlb in sp, 1 hlb op hlb, 3 hlb in sp, 1 hlb op hlb), 2 ks, (1 kb in vlg sp, 6 ks) 5 keer,

1 kb *; herh van * tot * nog 17 keer.

5e rondte: * 2 ks, (4 hlb op 4 hlb, 2 ks) 3 keer, (1 kb in 6-ks-sp, 6 ks) 4 keer, 1 kb; herh rondom.

6e rondte: * 2 ks, (4 hlb op 4 hlb, 2 ks) 3 keer, (1 kb in 6-ks-sp, 6 ks) 3 keer, 1 kb; herh rondom.


7e rondte: * 2 ks, 1 hlb in 2-ks-sp, 2 ks, (4-hlb-gp op 4 hlb, 2 ks, 1 hlb in sp, 2 ks) 3 keer, (1 kb in vlg 6-ks-sp, 6 ks) 2 keer, 1 kb; herh rondom.

8e rondte: (3 hlb in 2-ks-sp, 1 hlb op hlb, 3 hlb in 2-ks-sp, 1 hlb op gp) 3 keer, 3 hlb in 2-ks-sp, 1 hlb op hlb, 3 hlb in 2-ks-sp, 6 ks; herh rondom.

9e rondte: (1 p-gp tussen 1e en 2e lb, 2 ks, 1 kb bokant hlb van 7e rondte, 2 ks, p-gp bokant 4-hlb-gp van 7e rondte, 2 ks, 1 kb) herh 3 keer, 1 p-gp tussen laaste 2 hlb, 2 ks, 1 kb in 6-ks-sp; herh rondom.

Knip garing af en heg netjies af.

*Vaseline Wit Petroleumjellie Regnr. J/14:2/24



Bababoudjies se beste maat... *Vaseline Wit Petroleumjellie.

Beskerm teen luierruitslag, want
dit plaas 'n waterdigte afsluiting tussen vel en nat luiers.

As mamma vergeet om baba se boudjies met suiwer, sagte *Vaseline Wit Petroleumjellie te smeer wanneer sy luiers verwissel, is die kans groot dat dit baie eina gaan word. En mamma gaan dalk net so moeilik as baba slaap.

Toemaar. Na 'n goeie laag *Vaseline Wit Petroleumjellie is baba se velletjie versag en kry dit kans om te genees.

Baba is tevrede. En mamma ook.

Boonop beskerm *Vaseline Wit Petroleumjellie ook baba se velletjie ooroor. En wanneer iemand in die gesin 'n brandplek, sny of kneusplek opdoen, kan dit as 'n strelende self gebruik word.

Eintlik is *Vaseline Wit Petroleumjellie en mamma ook baie goeie maats.

*Vaseline Wit Petroleumjellie.

Beproef en vertrou deur mamas vir meer as 100 jaar.

*Chesebrough-Pond's Inc. is die eienaar van die geregistreerde handelsmerk 'Vaseline'.

